Is dit die geleentheid soos jy net nou gesê het dat beskuldigde nr. 5 vir u gewerf het om deel te hê aan hierdie jeugorganisasie? -- Ja, dit is die tyd.

En het u toe in November - sedert November 1982 - het julle 'n komitee gehad of 'n aksiegroep om so 'n jeugorganisasie te stig? -- Ons het destyds net met mekaar die dinge bespreek. (30

Daar/...

Daar was geen komitee wat gestig was nie.

Laat ek dit dan net kry. Jy sê - dat ons nie mekaar net nou verkeerd verstaan nie, as jy sê ons het destyds net met mekaar die dinge bespreek, bedoel u u en beskuldigde nr. 5 wat dit bespreek het of bedoel u dat dit by vergaderings bespreek was? -- Daarby bedoel ek dat dit bespreek was tussen my en beskuldigde nr. 5. Party kere het beskuldigde nr. 5 by my kom kuier en gevind dat daar kuiermense by my is. Dan sal ons dit saam met hierdie mense wat by my kuier bespreek. (10)

So, verstaan ek dit dan reg dat in die tyd sedert November 1982 toe beskuldigde en u dit bespreek het, was daar nooit formele vergaderings gehou tussen enige groepe nie? Dit is net toevallig as daar mense by is, dan bespreek almal dit saam? -- Dit is die besprekings wat ek van praat. Eintlik wat gebeur het is dat wanneer ek geweet het dat beskuldigde nr. 5 by my sal kom kuier, dan het ek van my vriende gencoi om teenwoordig te wees. Dit kan ek eintlik noem 'n informele vergadering.

Hoe lank het dit so aangehou, tot wanneer toe? -- Tot (20) en met Junie 1983.

En verstaan ek dit dan heeltemal reg, in hierdie tyd was daar nie vergaderings belê met enige ander mense om spesifiek 'n jeugorganisasie in die lewe te roep nie. Dit was maar net besprekings? -- Ja, dit is so.

Wat het dan gebeur, het dit doodgeloop of wat het gebeur in Junie 1983 wat daar 'n verandering plaasgevind het of het daar nie 'n vergadering ingetree nie? -- Daar was 'n vergadering gewees wat gehou is op 18 Junie.

Ons sal 'n bietjie later na daardie vergadering toe (30) terugkom/...

terugkom. Kan u net vir ons sê na 18 Junie het jy enige vergaderings bygewoon wat nou spesifiek formeel georganiseer was om hierdie organisasie te stig? -- Ja, daar was.

Het jy hulle bygewoon? -- Ja, ek het dit bygewoon.

En op hierdie vergaderings wat daarna gehou is, om hierdie vergadering te stig, dit is nou na Junie, 18 Junie 1983 - laat ek dit vat, 18 Junie 1983 en daarna is daar op enige stadium 'n komitee of 'n aksiekomitee of 'n bestuur gekies? -- Daar is mense wat gekies was wat dan die werk sou doen met die oog daarop om hierdie organisasie te stig. (10)

Wie was gekies op hierdie komitee wat die werk sou doen of 'n aksiekomitee? Hoe het julle hom genoem? -- Ek kan nie meer onthou of daar 'n spesifieke naam was wat aan hierdie mense toegeken is nie, maar wat wel gebeur het is dat sekere mense vir sekere areas uitgewys was om in daardie area te gaan werk en dan bymekaar kom en verslag doen waar hulle almal bymekaar is.

Was dit nie bekend as die Vaal Youth Congress Action Committee nie? -- Nee.

Wie was die mense wat gekies was op hierdie komitee? (20) -- Vir Evaton was die verteenwoordiger Peter Kekana. Wat die ander plekke betref het ek geweet dat hulle van sekere areas af kom, maar ek het net nie geweet wie van hulle gekies was om daardie area te verteenwoordig nie, behalwe beskuldigde nr. 5, wat 'n verteenwoordiger was van gebied 13.

Maar was jy dan nie op daardie vergadering toe die groep mense gekies was nie? -- Ek was.

HOF VERDAAG TOT 14h00.

HOF HERVAT OM 14h00.

K1107

THEMBA CORNELIUS MAZIBUKHO, nog onder eed

VERDERE KRUIISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U het vir ons (30)

die/...

die name gegee van twee persone wat op die komitee gekies was om die Vaal Youth Organisasie tot stand te bring. Van Evaton Peter Kekana en van gebied 13 het jy gesê beskuldigde nr. 5. Kan jy vir ons die ander name gee? -- Soos ek alreeds gesê het, daar was mense gewees wat gekies was op die komitee, maar vir watter areas hulle gekies was en wat die persone se name is, sal ek nie kan sê nie, behalwe om vir die hof te sê dat die mense ook daar teenwoordig was met die verkiesing van die lede.

Wil u vir die hof sê dat u het daarna vergaderings (10) bygewoon saam met hierdie mense en u weet nie eers wie is hulle nie? -- Ek sê die mense teenwoordig by hierdie vergaderings is aan my bekend, wie hulle is, maar wat ek nie van weet nie is dat ek nou moet kan sê dat so en so gekies was as 'n verteenwoordiger van hierdie area. Dit is ek nie in staat om te sê nie.

Jy weet nie eers, al kan jy nie vir ons sê vir watter area nie, wie het op die komitee gedien nie? -- Wat ek wel kan sê is wie die persone is wat by hierdie vergaderings teenwoordig was. (20)

Die verkiesing van hierdie uitvoerende komitee of wat nou moet werk om hierdie jeugorganisasie op die been te bring, is dit korrek dit was gekies op 'n vergadering wat gehou was 20 Augustus 1983 in die Roomse Kerk Small Farms? -- Ek kan nie die datum goed onthou van die voorval nie, wanneer dit gedoen is.

Kan jy darem ten minste onthou dat dit by die Small Farms Roomse Kerk gebeur het? -- Dit kan wees dat die verkiesing by die Roomse Kerk plaasgevind het.

Hoekom kan jy nie vir die hof meer duidelik sê dat (30)

jy/...

jy nou sê dit kan wees nie? Jy weet mos waar jy was en jy weet mos waar die vergadering gehou was toe julle die komitee gekies het? -- Ek kan nie so goed onthou watter een van die vergaderings wat gehou is by daardie tyd is daar gehou nie.

Op hierdie betrokke vergadering was dit beskuldigde nr. 5 wat die voorsitter was op daardie vergadering? -- 'n Vergadering wat ek van weet waar beskuldigde nr. 5 as 'n voorsitter opgetree het, is die een van die 18de waar die jeugdiges bymekaar gekom het.

HOF : 18 wat? -- 18 Junie 1983. (10)

MNR. JACOBS : Ek verwys nou spesifiek na die vergadering toe julle die komitee gekies het, was beskuldigde nr. 5 die voorsitter? -- Nee.

Wie was voorsitter? -- Niemand was gekies as 'n voorsitter nie. Daar was net 'n samespreking gewees.

Het niemand die samespreking geleei nie? -- Niemand het die samesprekings geleei nie.

Wie het die verkiesing behartig? -- Die verkiesing is soos volg daar gedoen. Byvoorbeeld daar word gesê hierdie persoon woon in so 'n area. So, as hy daar woon, sal hy in(20) daardie area werk. Dit was nie 'n kwessie van dat daar gestem moet word nie.

Wie het die leiding geneem om dit te doen? -- Niemand het die leiding geneem daar nie, want ons het almal daar die dinge bespreek en voorstelle gemaak.

Is dit reg Esau Raditsela was ook op hierdie vergadering gewees? -- Nee, dit is nie so nie.

Ken jy 'n persoon met die naam van Abner Mosubetsa? -- Ek ken 'n persoon met die naam van Abner. Wat sy van is, weet ek nie. (30)

Het/...

Het hy gereeld ook hierdie vergaderings bygewoon? --

Dit is so.

En ken jy 'n persoon met die naam van Edward Borepe? --

Ek ken nie die persoon nie.

Loukie Moerane? -- Ek ken hom ook nie.

Is dit nie so dat op hierdie vergadering wat dan gehou was toe die komitee verkies was, was hierdie Peter Kekana wat jy reeds genoem het verkies tot die voorsitter nie? --
Dit is nie so nie.

En Abner Mosubetsa wat ek reeds genoem het is verkies(10) tot die onder-voorsitter? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En beskuldigde nr. 5, mnr. Malindi, was verkies tot die sekretaris? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En Edward Borepe was verkies daar tot die assistent sekretaris? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En Loukie Moerane was verkies tot die tesourier? -- Nee, ek ken nie die persoon nie.

En is dit nie so dat die opdrag aan die komitee was gewees dat hulle moet optree en hulle sal verantwoordelik wees om die reëlings te tref vir die stigting van die Vaal (20) Youth Congress nie? -- Nee.

Is dit nie so nie, julle moes tog bespreek het wat gaan julle julle organisasie noem? -- Wat ek weet is dat dit bespreek sou word met die stigting van die organisasie wat die naam sou wees.

Wat het julle beplan wanneer sou die stigting plaasvind?
-- Die voorbereidings het eintlik veroorsaak dat ons hierdie vergaderings moet hou met die oog daarop dat ons moet besluit dat ons wel 'n organisasie stig, dan sou ons besluit het op watter dag dit sou wees. (30)

Was/...

Was dit nie alreeds op 18 Junie besluit dat julle gaan nou voort om so 'n organisasie in die lewe te bring nie? -- Wat daar gesê was is dat daar probeer moet word om meer lede te werf, sodat ons in staat kan wees om hierdie organisasie te stig.

Maar ek kan nie verstaan as daar nie 'n organisasie is nie, hoe kan julle lede werf nie? -- Nee, ons was nie besig om mense te werf om as lede aan te sluit nie, maar ons was besig om mense te kry wat saam met ons gaan werk met die oog op die stigting van die organisasie. (10)

Het jy mense gewerf om by julle aan te sluit met die oog op die stigting van die organisasie? -- Ja, daar was twee of drie van die mense wat ek gekry het wat saam met my gestem het met die stigting van hierdie organisasie, dat hulle ook behulpsaam sal wees.

Wie is hulle? -- Moses Kankula. Sipho Radebe was die tweede persoon wat ingestem het om ook deel te neem aan die stigting alhoewel hy nie in staat was by daardie tydstip om 'n vergadering by te woon nie.

Laat ek net iets duidelik kry. Voor 13 Junie 1983 (20) was daar nie formele vergaderings gehou nie, maar elke keer was die vergadering by jou huis gehou. Wanneer jy geweet het dat beskuldigde nr. 5 vir jou kom kuier, het jy mense genooi om ook daarheen te kom. Is dit reg? -- Mense wat ek van praat wat ek genooi het in daardie geval was byvoorbeeld 'n persoon wat by my kuier en hy wou dalk vroeër geloop het voor die vriend van my kom, dit is beskuldigde nr. 5, sou ek die persoon op die volgende manier nooi, nee, man, moenie loop nie, ek verwag 'n ander vriend van my wat gaan kom. Bly tot die vriend van my kom. (30)

Antwoord/...

Antwoord. nou net my vraag. Voor 18 Junie 1983 was daar geen formele soort van vergaderings gehou nie, maar al byeenkomste was daar net tussen jou en beskuldigde nr. 5 of by geleenthede wanneer jy ekstra mense genooi het wanneer jy geweet het beskuldigde nr. 5 kom kuier en dit het altyd by jou huis gebeur? -- Daar was geen formele vergadering gewees wat gehou is voor die datum nie. Tweedens, daar is nie die feit dat die vergaderings almal by my huis gehou is nie.

Ons weet nou van die geval waar jy vir die hof gesê(10) het - ons weet van twee moontlikhede, miskien kan jy ons inlig. Jy het gesê die meeste van die kere was dit net jy en beskuldigde nr. 5 as hy vir jou kom kuier. Dan het jy gesê die ander kere was, as jy weet hy kom kuier vir jou, dan het jy mense genooi daar na jou huis toe of as hy wil loop, soos jy netnou verduidelik het, dan het jy gesê nee, wag, hier kom nog 'n ander vriend van my. Waar het julle enigsins ander plekke ontmoet en vergadering gehou? -- Dit het partykeer gebeur dat indien ek by hom kuier, dat ons so iets bespreek het. (10)

So, dit is dan nie 'n vergadering nie, maar dit is net weer 'n bespreking tussen jou en beskuldigde nr. 5 wanneer hy by jou gekuier het? -- Ja.

Behalwe vir hierdie gevalle wat jy nou genoem het, het julle geen ander vergaderings gehou voor 18 Junie 1983 nie? -- Nee, daar was geen.

Na 18 Junie 1983 was dit toe meer in die vorm van 'n formele vergadering wat julle toe gehou het? -- Ja, dit is so.

En hoe dikwels het julle vergadering gehou na 18 (30)

Junie/...

Junie 1983? -- Dit het gewissel. Partykeer na drie weke, partykeer na vier weke het ons 'n vergadering gehou.

Maar gemiddeld ten minste een keer in 'n maand? -- Ja, dit is so.

En die vergaderings, waar het julle dit gehou? In 'n saal? -- Ja, van die vergaderings was in die saal gehou, party was in privaat huise gehou, afhangende van die bywoning van mense.

Van watter saal het julle gebruik gemaak gewoonlik om julle vergaderings te hou? -- Roman Catholic Church Small (10) Farms.

En hoeveel vergaderings het jy daar bygewoon? Kan jy vir ons sê? Indien nie presies nie, min of meer? -- Vergaderings wat ek skat ek bygewoon het by daardie tyd tot en met Augustusmaand is omtrent drie.

Is dit nou in die kerk? -- Ja, dit is so.

Hoeveel vergaderings het jy bygewoon gedurende daardie tyd wat jy nou genoem het van Junie 1983 tot Augustus 1984 by privaat huise? -- Gedurende daardie tydperk was daar baie min vergaderings wat in privaat huise gehou was. (20) Ek skat ongeveer drie of vier vergaderings was gehou.

En het jy hulle almal bygewoon? -- Die vergaderings wat ek noem is die vergaderings wat ek dink ek bygewoon het in daardie tydperk. Dit is nie 'n kwessie van dat ek sê dit is die totale aantal vergaderings wat in daardie tydperk gehou is nie.

By wie se huise het julle die vergaderings gehou, dié wat jy bygewoon het, die drie of vier? -- Een vergadering was gehou by Napo se huis en dan was twee van die vergaderings gehou gewees by Peter Kekana. (30)

HOF/...

HOF : Wat is die eerste naam? -- Napo. Dit is Napo Motshoeng.

MNR. JACOBS : Nog? -- Die ander kan ek nie meer onthou waar en by wie dit gehou was nie.

Hierdie Napo Motshoeng, watter gebied was hy in woonagtig? -- In Evaton het hy gewoon.

En dit is dieselfde ook met Peter Kekana? -- Ja, dit is so.

Jy het vir die hof gesê daar is soort van gebiedsverteenvoordigers gekies. Wat was die taak van elke gebied se verteenwoordiger? -- Hulle moes toegesien het dat daar (10) mense verkry word by die gebiede waar die mense woon en gevind word.

Moes hulle in die gebiede waar hulle gewoon het so 'n sub of 'n filiaal of 'n sub-komitee van 'n jeugorganisasie daar tot stand bring waar uiteindelik dan die groot oorkoepelende organisasie gekies sou word? -- Dit sou afgehang het van die persone wat van die verskillende areas af verkry is of daar nou komitees gekies moet word of sub-komitees of nie.

Maar was dit nie die idee gewees hoekom daar gebieds- (20) verteenwoordiger gekies was dat hierdie gebiedsverteenvoordigers moet in hulle gebiede werk en daar sub-komitees kies om hierdie hele plan te bevorder nie? -- Nee, die doel van hierdie verteenwoordiger was om net mense te kry by die area waar hy woon, sodat as daar 'n vergadering gehou word dat daardie mense van sy area, dit wil sê elke area se mense wat verkry is deur die verteenwoordiger die vergadering moet bywoon. As hulle dan almal bymekaar is, kan besluit word en deelgeneem word aan die vergadering wat gedoen kan word. (30)

Sou/...

Sou dit dan in elke gebied 'n openbare vergadering gehou word? Is dit wat jy bedoel nadat elke lid genoeg lede gekry het in sy gebied? -- Die persoon het die reg gehad om vergaderings te hou daar, maar dit sou nie sy eie vergaderings gewees het dat hy vergaderings hou op sy eie nie. Dit was net bedoel vir hom om mense te kan verkry.

Met die vergaderings wat jy bygewoon het, moes elkeen van hierdie gebiedskomitees se verteenwoordigers terug rapporteer hoe dat hulle vorder?

MR BIZOS : Has the witness referred to area committees? (10)

MNR. JACOBS : Goed, ons sal dit dan maak gebiede se verteenwoordigers.

MR BIZOS : I thought that the witness had disavowed himself formation of any committees. The question presupposes that the witness had said that there were area committees. There were people in different areas.

COURT : There is no mention made of committees. By die vergaderings moes die verteenwoordigers van die gebiede terug rapporteer.

MR BIZOS : No, the question was "by die vergaderings moes die komitees van die areas terug rapporteer." (20)

HOF : Nee, die verteenwoordiger.

MR BIZOS : I am sorry, I did not hear that.

MNR. JACOBS : Op die vergaderings wat u bygewoon het, het die verteenwoordigers wat die gebiede verteenwoordig terug gerapporteer wat in hulle gebiede gebeur? -- Ja, as ons bymekaar kom by die vergadering, dan het hulle altyd verslag gedoen hoe hulle gevorder het en tweedens, 'n mens kon daar gesien het en vasgestel het by die vergadering of daar wel mense verkry is of nie. Dit wil sê die aantal teenwoordig (30)

daar/...

daar sou dit vir u duidelik gemaak het.

Die mense wat terug gerapporteer het, die verteenwoordigers, het hulle gerapporteer of daar komitees tot stand gekom het in enige van die gebiede? -- Die komitees waarvan ek weet dat hulle wel bestaan het, was twee of drie. Dit is die komitees wat dan in werking gestel is omdat die verteenwoordiger al mense gekry het.

Waar het hierdie komitees bestaan? Watter gebiede? -- Gebied 13 het 'n komitee gehad, Evaton het ook 'n komitee gehad. Ek kan nie meer so goed onthou omtrent die ander(10) plekke of hulle wel komitees gehad het nie.

Het jy op die Evaton komitee gedien? -- Ek het myself beskou as 'n lid van die komitee daar. Die rede daarvoor is omdat ek ook behulpsaam was met die verkryging van mense.

Was jy gekies op die komitee van Evaton? -- Nee, ek was nie verkies nie. Net Peter Kekana was verkies.

As ek u getuienis reg verstaan het dan was die idee dat dit bedoel was vir die hele Vaal, dat al die jeug betrek moet word - die jeug wat aan julle kwalifikasies voldoen het, betrek moes word in hierdie organisasie? -- Ja, dit (20) is so.

En dit sluit in vir Sharpeville, Bophelong en Boipatong? -- Ja, al daardie plekke is ingesluit.

En hulle het ook verteenwoordiging gehad vir daardie gebiede op hierdie komitee wat julle aangewys het? -- Omdat daar nie persone teenwoordig was by hierdie vergadering vanaf hierdie areas nie, was daar nie verteenwoordigers gewees nie.

Was hulle nie van die begin af daar - het Johnny Motete nie daar gekom en die vergaderings bygewoon nie? -- Ek ken(30) nie/...

nie die persoon met die naam van Johnny Motete nie.

Is jy baie seker? -- Nee, ek ken hom nie.

Die begin, 18 Junie 1983 toe julle nou die mense uitgenooi het en julle daar begin het, was daar nie verteenwoordigers ook van daardie plekke nie? Dit is Sharpeville, Bophelong en Boipatong? -- Nee, hulle was nie daar nie.

Jy sien, ek kan dit nie verstaan nie. Jy het net nou 'n probleem gehad en gesê mense ken jou op daardie plek en jy het mense gesien, party ken jy, maar ander ken jy nie en jy weet nie van watter gebiede hulle af kom nie, hoe kan (10) jy nou vir die hof sê dat van hierdie drie gebiede was daar nie mense nie, as jy nie eers al die mense ken op die vergadering nie? -- Indien daar enige persoon daar teenwoordig was van die drie areas soos u genoem het, dan sou daardie mense die vergadering laat weet het dat hulle daar teenwoordig is van daardie areas af, met die gevolg dat hulle dan daar uitgewys en gekies sou word as verteenwoordigers vir daardie plekke, maar omdat hulle nie daar was nie, het dit nie gebeur nie.

Op hierdie vergaderings waar die verteenwoordigers (20) van die verskillende gebiede verslae gedoen het, het dit op meer as een keer gebeur en jy moes tog gesien het wie is die verteenwoordiger van elke gebied, want hy staan tog op en sê in hierdie gebied gebeur dit? -- Ja, dit is die prosedure wat gevvolg was deur die mense wat daar verslag gedoen het, maar nou, ek het nie die mense van hierdie plekke geken soos nou uiteengesit word aan my nie en ek het nie gehoor dat mense gesê het dat hulle van Sharpeville of een van die twee plekke af kom soos deur u genoem nie.

Maar die ander het seker gesê "Ek is 'n man wat kom (30)

van/...

van gebied 3 of gebied 13 of gebied 11"? -- Ja, hulle het gesê.

Dan kan jy seker nou vir die hof vertel wie is die ander mense wat daardie gebiede verteenwoordig het op daardie komitee? -- Ek sê vir die hof dat ek wel bewus is van mense wat van 'n sekere area af gekom het, byvoorbeeld dan weet ek wat die name van die mense is. Wat vir my moeilik is is dat ek vir die hof nou kan sê van die klomp wat daar was wat in daardie area gewoon het, wie almal as verteenwoordigers van verskillende plekke gekies was. (10)

Wie het die plekke verteenwoordig en verslag kom doen namens die verskillende gebiede? -- Die persone van daardie areas het self die verslag gedoen.

Wie is hulle? -- Wat ek van weet, wat ek nog onthou is ene Chipa. Ek weet nie wat sy van is nie.

Is dit Edward Chipa Motubatsi? -- Ek weet nie wat sy van is nie.

Van watter gebied het hy gekom? -- Gebied 7 is waar hy gewoon het.

En het hy verslag gedoen namens gebied 7? -- Al wat (20) ek van weet is dat hy in gebied 7 gewoon het en nie dat hy nou altyd daar was om verslag te doen aangaande gebied 7 nie. Hy het wel af en toe verslag gedoen oor gebied 7. Net so goed dat ek dit self gedoen het al was ek nie gekies as 'n verteenwoordiger van Evaton nie, maar ek het wel verslag gedoen.

Oor Evaton? -- Ja.

En jy het jouself beskou as lid van die komitee van Evaton? -- Ja, dit is so.

Nog? Gaan voort? -- Abner was daar.

(30)

Abner/...

Abner wie? -- Ek weet nie wat sy van is nie. Hy is net aan my bekend as Abner.

HOF : Abner is die Bybelse Abner, hè? -- Nee, ek weet nie.

Hoe sou u Abner spel? -- A-b-n-e-r.

Dit is die Bybelse Abner. -- O, dankie.

MNR. JACOBS : Watter gebied? -- As ek nie fouteer nie, was hy van gebied 14 af.

Nog? -- Savimbi van Evaton.

Nog? -- David Radebe.

Ook van Evaton? -- Hy was woonagtig te gebied 3. (10)

Wie nog? -- Ek kan nie meer die ander so goed onthou nie, maar miskien in die loop van die tyd sal dit my byval, dan sal ek onthou wie hulle is.

Net vir duidelikheid, hierdie persoon Chipa, is hy 'n man wat lid is van die vakbond Industrial Aid Society? Kan jy vir ons sê? -- Ek weet nie wat sy werk is op die oomblik nie.

Daardie tyd? -- Ek het nie geweet nie omdat ek hom nog nie vantevore gevra het wat se werk hy doen nie.

Is dit korrek dat hierdie jeuggroep en hierdie groepe (20) waaraan julle deelgeneem het en op die vergaderings, het ook 'n politieke kleur gehad? In die sin onder andere dat julle gekant was teen die Swart Plaaslike Besture en daarteen geaggiteer het? -- Die organisasie het nie bestaan nie, met die gevolg dat ek nie daarvan weet nie.

Maar in julle vergaderings wat julle gehou het en wat jy bygewoon het, was daar ook besprekings gevoer oor politieke aangeleenthede, onder andere was dit nie bespreek die Swart Plaaslike Besture nie? -- Niks was bespreek aangaande dit nie, wie die plekke sal beheer nie. Al wat bespreek (30)

was/...

was daar was die verkryging van mense op hierdie vergadering.

Was daar enige besprekings gevoer en teenkanting uitgespreek teen die algemene huurverhogings en raadslede in die algemeen? -- Nee, daar was nie.

Behalwe vir hierdie twee organisasies wat u genoem het, die een is die Vaal Youth Crusade en dan hierdie een wat ons nou nie 'n naam het nie, wat jy nie vir die hof kan sê of hy ooit 'n naam gehad het nie, waarvoor jy jou beywer het, het jy aan enige ander organisasies behoort in die Vaal? -- Nee, ek het nie. (10)

Is jy seker? -- Baie seker.

Het jy nie op 'n stadium op die bestuur van AZANYU gedien nie? -- Nee.

Nooit nie? -- Nee. Daar bestaan nie so iets nie.

Het jy enige ander politieke vergaderings bygewoon daar? -- Vergaderings wat ek wel bygewoon het is dié wat betrekking gehad het op Junie, die 16de en Maart die 21ste.

Is dit nou herdenkingsdae? -- Ja, dit is so.

Het jy op enige stadium enige konferensie van 'n politieke aard in Wilgerspruit bygewoon? -- Nee. (20)

Nooit nie? -- Nee, ek was nog nie in Wilgerspruit nie.

Het jy enige COSAS vergadering in Durban gaan bywoon? -- Nee.

Voordat die Vaal Civic Association tot stand gekom het, het jy en beskuldigde nr. 5 dit bespreek? -- Nie dat ons dit bespreek het tussen die twee van ons nie. Wat ek wel van weet is dat hy, beskuldigde nr. 5, aan my gesê het van die dag van die stigting van hierdie organisasie.

Weet jy of hy op die aksiekomitee gedoen het wat hom bearbei het vir die stigting van die Vaal Youth - nie Vaal (30)

Youth/...

Youth nie, Vaal Civic Association? -- Ja, ek weet daarvan.

Dan moes julle seker hierdie Vaal Civic Association en wat hulle voor werk deeglik bespreek het? -- Ons het dit nie bespreek nie.

Terwyl julle sulke goeie vriende is en so gereeld bymekaar kom, bespreek julle dit nie? -- Nee, ons het dit nie bespreek nie. Dit beteken nie dat as ons goeie vriende is, dat ons nou hierdie tipe dinge sal moet bespreek nie. Daar is baie ander dinge waарoor ons kan gesels wat ons eintlik bespreek het. (10)

Die huwelik wat plaasgevind het en wat jy bygewoon het hier in Pretoria, het die huwelik in aanvang geneem hier in Pretoria? -- Die aanvang hiervan was in Boipatong.

Hierdie vriend van jou Sipho Radebe, het hy in Boipatong gewoon? -- Nee.

Waar? -- In Evaton.

Wanneer het hierdie huwelikseremonie in aanvang geneem? -- Die Saterdag op die 8ste.

HOF : Die agtste? -- 8 Oktober.

MNR. JACOBS : Is dit nou 1983? -- Dit is so. (20)

Het die bruid se ouers gewoon in Boipatong? -- Ja, dit is so.

Hoekom het die huwelik dan verskuif van Boipatong af na Pretoria distrik toe? -- Die skoonseun se ouers woon in Pretoria.

Ek dog jy sê hy woon in Evaton? -- Dit is reg, hy woon in Evaton. Sy ouers woon in Pretoria.

Het hy 'n huis van sy eie daar? Dit is nou in Evaton? -- Hy huur.

Het hy 'n vrou en kinders daar in Evaton ook of is hy (30)

n/...

ŉ ongetroude man wat 'n huis huur? -- As ek van huur praat in sy geval, praat ek daarvan dat hy 'n plek huur op iemand se standplaas in Evaton.

Hoekom spesifiek het julle vir beskuldigde nr. 5 afgelaai met die terugkoms naby die kerk? -- Dit is omdat hy gesê het toe ons weggegaan het daarvandaan dat hy eintlik veronderstel was om by 'n vergadering daar te wees, dit wil sê op hierdie dag van die 9de moet hy by die vergadering by die Roomse Kerk wees.

Maar julle kom nou baie laat in die middag hierso aan. (10) Die vergadering is nou besmoontlik heeltemal verby. Hoekom hom daar gaan aflaai? -- Dit was op sy versoek dat ons hom daar moet aflaai dat hy nogtans 'n draai maak daar binne en sien.

Toe julle nou daar is, was dit naby die kerk gewees? -- Ja, ons was op die pad gewees en die kerk is net daar naby.

Was daar nog enige aktiwiteite aan die gang in daardie kerk? -- Ek weet nie wat aan die gang was by die kerk op daardie stadium nie, maar die son het nog geskyn.

Ek vra nou nie of die son nog geskyn het nie. Ek vra (20) was daar nog enige aktiwiteite aan die gang in daardie kerk? -- Ek weet nie.

HOF : Watter kerk praat ons van? -- Roman Catholic Church Small Farms.

MNR. JACOBS : Is dit waar julle hom afgelaai het op die 9de ... -- Nee, jammer, Roman Catholic Church Zone 12.

Die vergaderings wat jy bygewoon het oor hierdie jeugorganisasie, sê jy het tot Augustus 1984 aangegaan. Is dit reg? -- As ek nog reg onthou, tot en met Julie of net die einde van Junie. (30)

Het/...

Het jy toe nog vergaderings bygewoon? -- Gedurende die jaar 1984 het ek geen vergadering bygewoon waar dit veronderstel as dat ons almal daar moet vergader nie.

So, die vergaderings wat jy netnou vir die hof dan vertel het wat jy bygewoon het, was dan, is dit jou getuienis, almal sedert Junie 1983 tot die einde van 1983? -- Tot in 1984 want van hierdie vergaderings wat ek van praat is dié wat in mense se huise, dit wil sê privaat huise gehou was. Dit het te doen met Evaton.

In 1984 van hierdie corspronklike komitee wat julle (10) was, het jy enige van hulle vergaderings bygewoon? -- Nee, daar is geen, behalwe van een vergadering wat veronderstel was om gehou te word het, maar daar was toe nie mense wat die vergadering bygewoon het nie.

Het jy in 1984 ook gereeld naweke na jou huis toe gegaan in die Vaal soos jy gesê het wat vroeër gebeur het in 1983? -- Ja, dit is so.

Het jy in 1984 die hele jaar tot Augustus 1984 ooit vir beskuldigde nr. 5 ontmoet of gesien? -- Ons het ontmoet maar dit was nie soveel soos dit was voorheen nie. Dit (20) was enkel, want ek het nie baiemaal huis toe gekom nie.

Het julle besprekings gevoer oor hierdie jeugorganisasie? -- Nee, gedurende hierdie jaar van 1984 het ons nie daarvan gepraat nie, eintlik nie veel nie. Dit was asof dit nou stil geword het daarvan.

Jy sien, jou antwoord is so onduidelik, ek verstaan dit nie. Jy sê julle het nie gepraat nie, dan sê jy nie veel daarvan gepraat nie. Nou wat is nou die posisie? Julle het ðf daaroor gepraat ðf julle het nie daaroor gepraat nie? -- Ons het gepraat. (30)

Het/...

Het julle gepraat hoe dat hulle vorder met die sukses om hierdie organisasie op die been te bring? -- Ja, onder algemene bespreking.

So, jy het ook geweet hoe is hulle vordering met die tot stand koming van hierdie organisasie? -- Ja, dit is so.

En toe jy in jou getuienis-in-hoof gesê het dat jy het in die middel van 1984 teruggekeer na Evaton en dat jy toe probeer uitvind het wat gaan aan met hierdie vergadering van Peter Kekana, was dit ook nie reg gewees nie? -- Soos ek alreeds gesê het, daar was nie algemene vergaderings (10) gehou wat enigeen kon toegelaat het om by te woon nie. Dit was hierdie tipe vergaderings gewees wat in privaat huise gehou was.

Toe u nou in Evaton op 26 Augustus gehoor het - gehoor het van die vergadering op 26 Augustus 1984 by jou ouma, het sy nie vir jou gesê watter tyd is daardie vergadering nie? -- Nee, sy het my nie gesê nie.

Het jy nie belang gestel om te vra waарoor dit gaan en hoe laat is die vergadering nie? -- Ek het van mense verneem dat hierdie vergadering die middag gehou gaan word. (20)

Maar dit is nie wat jy vir die hof gesê het nie. Jy het gesê jy het by die hof gehoor - jy het vir die hof gesê jy het by jou ouma gehoor van hierdie vergadering? -- Dat daar 'n vergadering gehou gaan word by die Roomse perseel, maar sy het my nie gesê van die tyd, hoe laat dit was nie.

En dit is wat jy gehoor het. Nou vra ek vir jou mos, het jy nie by jou ouma probeer uitvind wat is nou die belang van hierdie vergadering en hoe laat is dit nie? -- Ek het probeer vasstel deur haar te vra. Sy het nie geweet van die tyd nie. (30)

Het/...

Het jy by iemand anders dan probeer vasstel van die tyd van die vergadering wat gaan oor die verdeling of herbeplanning van Evaton? -- Soos ek alreeds gesê het, dat sy nie aan my gesê het waaroer hierdie vergadering gehou word nie. Ek het self gedink dat dit miskien aangaande die herbeplanning was van Evaton. Dit was omdat sy vir my van die vergadering gesê het.

So, sy het net vir jou gesê daar is 'n vergadering en jy het nie geweet waaroer die vergadering gaan nie, jy het nie geweet wie hou die vergadering nie? --Nee, ek het dit(10) nie geweet nie.

Nou hoekom gaan jy dan na die vergadering toe wat jy nou gedink het is die herbeplanningsvergadering? -- Ek het besluit om die vergadering by te woon want my ouma sê vir my van hierdie vergadering wat gehou gaan word en toe ek die gedagte gekry het dat dit oor die herbeplanning van Evaton was, het dit my nog goed laat dink om na die vergadering toe te gaan, om namens haar te gaan hoor wat daar gesê word. Die rede is dat sy was 'n lid gewees van Evaton Ratepayers Association wat vantevore te doene gehad het (20) met die herbeplanning van Evaton.

Het sy jou gevra om te gaan namens haar na die vergadering toe? -- Ja, volgens wat ons bespreek het daar, was dit so gewees.

Maar sy sê nie vir jou waaroer dit gaan nie, maar julle bespreek 'n ding waaroer julle nie eers weet die vergadering gaan nie? -- Sy het aan my gesê indien sy in staat was om soontoe te gaan sou sy gegaan het om te gaan hoor wat daar bespreek word.

Oor die herbeplanning? -- Dit is eintlik wat dit (30)
beteken/...

beteken.

Het sy so gesê? -- Nee.

Toe u by die vergadering opgedaan het, was die vergadering reeds aan die gang of het u opgedaan voordat hy begin het? -- Met my aankoms daar was daar mense gewees in die saal, wat besig was om te sing, al het die vergadering nog nie in aanvang geneem nie.

Was dit vryheidsliedere wat gesing was? -- Ja, ek sal sê dit is so.

Gesing van Mandela en Oliver Tambo? -- Nee. (10)

Waarvan het hulle gesing? -- Hulle het gesing oor die vereniging van die werkers.

Nog? -- Wat ek verder gehoor het in die verloop van hierdie vergadering was 'n lied Senzeni na.

Was dit nou gedurende die verloop van die vergadering? Was daar toe ook liedere gesing? -- Ja, daar was liedere gewees wat gesing is.

Behalwe Senzeni na, watter liedere is nog gesing? -- Dit was 'n kerklied wat ek nou nie meer so goed onthou waaroer dit gegaan het nie. (20)

Was dit oor soldate in die kerklied? -- Nee. Die ander lied wat gesing was net voor die einde van die vergadering toe dit gesluit het was Siyaya e Houtkop.

Is dit waarmee die vergadering afgesluit het? -- Nee.

Die ander liedere kan jy nie onthou nie? -- Nee, ek onthou net hierdie wat ek genoem het.

Op hierdie vergadering, voordat hy in aanvang geneem het, is daar enige verduideliking gegee oor 'n voorsitter wat daar sou opgetree het en wat nou nie beskikbaar is daardie dag nie? -- Nee, al wat gesê was daar deur die voorsitter (30)

wat/...

wat ek gevind het as 'n voorsitter is toe hy opgestaan het en gesê het dat die vergadering nou in aanvang neem.

is dit nie so dat daar gesê was dat Lord McCamel sou die voorsitter van daardie vergadering gewees het en hy is nie daar nie? -- Nee, dit was nie gesê nie. Ek het dit nie gehoor nie.

En dat 'n sekere mnr. Petrus Morake Mokoena sou dan, as McCamel nie beskikbaar is nie, die voorsitter wees? -- Nee.

En dat daar toe gesê is mnr. Mokoena het ook nie (10) opgedaag nie, nou moet hulle 'n neutrale voorsitter kry? -- Ek weet niks van dit wat u nou alles genoem het nie.

Ken u eerwaarde Mahlatsi? -- Nee, ek ken hom nie.

Was daar nie 'n persoon gewees wat voorgestel was as eerwaarde Mahlatsi nie? -- Van die tyd dat ek daar opgedaag het weet ek glad nie daarvan nie.

Beskuldigde nr. 17, het hy in sy toespraak wat hy daar gelewer het enigsins verwys en gepraat oor die VCA en die doelstellings van VCA? -- Herinner nou weer vir my. Wie is nr. 17 nou weer? (20)

HOF : Die ou man. -- Herhaal nou die vraag? Wat was die vraag?

MNR. JACOBS : Het hy enigsins in sy toespraak daar uiteengesit wat die VCA is, wat die VCA se doelstellings is? -- Ja, hy het melding gemaak van VCA.

Wat is VCA se doelstellings, het hy gesê? -- As ek reg onthou het hy gesê die doelstellings van die VCA is om die inwoners van daardie area te verenig, dat hulle saam staan.

En om hulle te verenig dat hulle saam staan teen die swart plaaslike bestuur van Lekoa? -- Al het hy nie dit (30) daar/...

daar so gesê nie, dat dit teen die Lekota Stadsraad sal wees nie, maar hy het wel melding daarvan gemaak dat die mense moet verenig.

Teen wie? -- Teen enigets wat kan opduik vir die inwoners, dat dit wat opduik die mense vind dat hulle alreeds verenig is.

Het dit nie hier gegaan op hierdie vergadering spesifiek oor die verhoogde huur wat daar sou gewees het en dat die raadslede daarvoor geblameer word vir die verhoogde huur nie? -- Dit was nie gesê dat dit teen die raadslede was (10) nie. Wat wel gesê was is dat daar verenig moet word teen die verhoogde huur.

Het beskuldigde nr. 17 nie op daardie vergadering gesê dat die raadslede is "sell-outs" en hulle is "puppets" van die regering en hulle geblameer nie? -- Ek onthou dat sulke woorde by hierdie vergadering gebesig is, maar deur wie kan ek nie meer onthou nie.

So, jy kan nie eers onthou of beskuldigde nr. 17 dit gesê het nie? -- Van "puppets" en "sell-outs" kan ek nie onthou dat hy dit gesê het nie. (20)

En dat die mense moet verenig deur saam te staan teen hierdie "puppets" en "sell-outs"? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Kan jy onthou hoeveel keer het beskuldigde nr. 17 opgestaan en gepraat op daardie vergadering? Hy het 'n gebed gedoen en daarna het hy gepraat. Dit is een keer. Het hy nog 'n keer opgestaan en gepraat of nie? -- Ja, ek onthou dit was in die tyd wat die vergadering oop verklaar was vir mense om vrae te vra waar hy nou weer iets te sê gehad het.

Hoekom het hy opgestaan en gepraat by daardie (30)
tweede/...

tweede geleentheid? -- 'n Vraag was gevra en die vraag was beantwoord en die antwoord was ook ter stawing van die antwoord wat alreeds gegee was op daardie vraag.

Watter vraag is dit? -- Die vraag was wat sal gebeur met die kinders of gesin van diegene wat moontlik gearresteer mag word tydens die weg'bly-aksie en die optog.

So, die vraag het altwee ingesluit, die weg'bly-aksie en die optog en het hy gemeld van beserings, mense wat beseer word tydens die optog of die weg'bly-aksie? -- Nee.

Wat was beskuldigde nr. 17 se antwoord? -- Wat ek onthou(10) in sy antwoord is dat hy gesê het mense moenie lafaards word nie en nadat hy dit gesê het, het hy kortliks 'n aanhaling gemaak uit die Bybel van Gideon.

Onthou jy in jou getuienis-in-hoof was jy gevra of daardie vraag geantwoord is en hoe hy geantwoord is. Hoekom het jy nie toe vir die hof vertel dat beskuldgide nr. 17 het ook geantwoord nie? -- Nee, die antwoord was eers deur 'n ander persoon gewees op hierdie vraag en ter aanvulling van die antwoord het die ou man, beskuldigde nr. 17, ook iets bygedra.

Maar dit beantwoord nog nie my vraag nie. My vraag (20) dit was in getuienis-in-hoof vir jou gesê daar was so 'n vraag gevra en daar is toe geantwoord daarop. Hoekom het jy nie toe vir die hof ook gesê van die antwoord van beskuldigde nr. 17 nie? -- Wat die ou man gesê het daar het ek nie as 'n antwoord op die vraag beskou nie, want die ou man het iets te sê gehad ter stawing van die antwoord ter aanvulling van iets op die antwoord wat iemand anders alreeds gegee het op die vraag.

Was die ou man se antwoord nie dat as hierdie vergadering 'n besluit geneem het dan moet die mense dit uitvoer, (30)

hulle/...

hulle moenie lafaards wees nie? -- Nee, hy het nie so gesê nie.

En het hy nie nog bygevoeg dat as daar lafaards in die gehoor is en hulle dit nie wil doen nie, dan moet hulle nou daar op die vergadering sê nie? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie.

Jy is baie seker hy het nie so iets gesê nie? -- Ja, ek is seker.

Was daar ook 'n vraag gewees oor wat sal gebeur met mense wat gaan betaal, huur betaal? -- Ek het nie so 'n vraag (10) gehoor nie. Dit mag wees dat dit gevra is, dat ek dit nie onthou nie.

Maar hoe kan dit nou wees dat jy dit nie gehoor het nie? -- Nee, ek het nie die vraag gehoor nie. Dit staan net, ek het nie so 'n vraag gehoor nie.

Is dit nie miskien op daardie vraag wat die ou man geantwoord het nie? -- Nee, hy het nie op daardie vraag geantwoord nie. Ek onthou presies op watter vraag hy 'n aanvullende antwoord gegee het.

Was daar op hierdie vergadering enige vraag oor (20) klipgooiery? -- Ek sal sê dit is so, daar was so 'n vraag gewees, want 'n sekere man het daar gevra oor sy eie voertuig wat 'n huurmotor was of dit nie beskadig sal word nie.

Dit is 'n bietjie verwarrend. Het hy die woord klip-gooiery gebruik of het hy gesê beskadig? -- Hy het gesprok van die beskadiging van 'n voertuig. Wat die kliepe betrek, het hy nie melding gemaak van 'n kliep nie.

Wie het sy vraag beantwoord? -- Beskuldigde nr. 5.

Wat het beskuldigde nr. 5 gesê? -- In antwoord het beskuldigde nr. 5 die volgende gesê, dat die wegblly-aksie(30)

sowel/...

sowel as die optog 'n baie vreedsame een gaan wees en dat die huurmotoreienaars ook versoek word as inwoners dat hulle ook nie die dag met die huurmotors opereer nie.

Het beskuldigde nr. 5 enigiets gesê dat dit nog nooit in die Vaal gebeur dat daar enige voertuie aangeval is of beskadig is nie? -- Nee, dit het ek nie gehoor dat hy dit gesê het nie.

Het enigiemand anders ook geantwoord op daardie vraag van die man wat die huurmotor besit? -- Die antwoord was van Malindi af, beskuldigde nr. 5. (10)

Ek vra vir jou, het iemand anders ook geantwoord? Net ja of nee? --Nee.

Het niemand ooit verwys dat dit 'n vreedsame plek is in die Vaal en dat die mense nie sal eiendom beskadig nie? -- Nee, niemand het dit gesê nie.

Stem jy saam, as iemand dit sou gesê het is dit heeltemal verkeerd. Die Vaal is nie so 'n vreedsame plek nie en daar het al vroeër - is daar al skade berokken aan voertuie?-- Ja, dit het al vantevore gebeur.

Is dit reg, was jy in die Jordan skool toe jy in die(20) Vaal skool gegaan het? Of Jordaan skool? -- Ja, dit is so.

Waar is die skool? -- Dit is geleë by die plek wat vroeër bekend gestaan het as Wilberforce.

En is dit in gebied? -- Dit is in Evaton.

En was daar by die skool terwyl jy daar was in jou laaste jare in die skool insidente waar busse aan die brand gesteek is en ook klaskamers? -- Daar was so 'n bietjie van 'n "disturbance". Niks van dit wat u genoem het was beskadig soos u dit beskryf nie, behalwe dat daar wel 'n poskantoor-voertuig was wat aan die brand gesteek was. (30)

Deur/...

Deur jong mense wat aan COSAS behoort het? -- Nee.

Wie het dit aan die brand gesteek? -- Ons het die volgende dag die voertuig daar gevind. Dit was alreeds gebrand gewees.

HOF : Op die perseel van die skool? -- Ja, op die perseel van die skool.

So, in die nag moes dit gebeur het? -- Dit is 'n ding wat gedurende die dag plaasgevind het.

Hoe vind julle dit dan die volgende dag? -- Toe daardie soort van 'n "disturbance" daar begin het, terwyl dit aan (10) die gang was, is ek toe weg huis toe. Ek was op pad huis toe, maar ek het nie tot by die huis gekom nie.

MNR. JACOBS : Hoekom het jy nie by die huis gekom nie? -- Wat gebeur het is, ek het weggeloop vanaf die skool met die oog daarop om huis toe te gaan, maar voordat ek by die huis gekom het, het ek toe teruggekeer na die skool toe. Eerstens omdat ek gedink het dalk sal dit beter word en tweedens, ek het my boeke daar agter laat lê.

Het jy nie gesien toe jy nou terugkom by die skool daar brand die goed nie, ten minste hierdie voertuig? -- Nee, (20) want ek het die hek gebruik aan die westekant van die skool. Dit was met die oog daarop dat ek nie gesien moet word nie. Dus het ek dit nie gesien nie.

Hoekom sê jy nie vir die hof wat se "disturbance" nie? Jy is vaag. Jy sê net daar was 'n "disturbance". Wat se "disturbance" was daar? -- Ek kan nie meer so goed onthou presies wat het daar gebeur nie, want destyds was ek in vorm 2 gewees.

HOF : Watter jaar was dit? -- 1977.

MR BIZOS : My lord, accused no. 14, Mr Jerry Tlhopane, (30)

has/...

has a letter from a doctor to refer him to St John's Eye Hospital tomorrow. If your lordship would be pleased to grant him leave to attend the St John's Eye Hospital near Soweto, near Baragwanath Hospital.

COURT : Leave is granted to accused no. 14.

GETUIE STAAN AF..

HOF VERDAAG TOT 3 FEBRUARIE 1988.